

Leef Getrou aan die Lam in 'n wêreld vol
Monsters

Openbaring



'n Kursusgids
vir die Bybelskool van Februarie/Maart 2026

Die sleutel tot die verstaan van die boek Openbaring lê hierin:

Om dit nie as 'n geheime kode vir toekomstige rampe te beskou nie, maar as 'n **"apokalips" of onthulling** wat die doek aftrek van die ware aard van boosheid (die Draak) en die ware aard van MAG, die opofferende krag van God se liefde (Die Lam wat geslag is).

Die boek is **'n literêre kunswerk** wat die verbeelding van gelowiges wil heilig sodat ons die wêreld vanuit God se perspektief kan sien:

'n Kosmiese stryd tussen die selfopofferende Lam en die bose stelsel van Babilon, wat gekenmerk word deur korrupsie, hoogmoed en onderdrukking.

Die boek roep sy lesers op tot **"'n dissidente dissipelskap"**, waar oorwinning nie deur militêre geweld behaal word nie, maar deur getroue getuienis en volharding te midde van die uitdagings van die hede. Uiteindelik dien Openbaring as 'n gids vir die lewe op die "breuklyn" tussen die huidige bedeling en die komende koninkryk, met die vaste vertroue dat God se geregtigheid sal seëvier en dat Hy die hele skepping in die Nuwe Jerusalem sal omskakel.

SESSIE 1

1.1. OPENBARING EN DIE APOKALIPTIESE TRADISIE

Die boek Openbaring is een van die boeiendste en mees besproke boeke van alle tye. Die bladsye bevat 'n merkwaardige rolverdeling van karakters, soos 'n monsteragtige rooi draak, 'n sewe-koppige dier en 'n ontelbare skare engele. Dit bied vir ons verskriklike tonele van kosmiese konflik en glimpies van hemelse prag. In hierdie ses sessies gaan ons die agtergrond van Openbaring en die teks self ondersoek. Tydens elke sessie gaan ons twee onderwerpe behandel. In totaal sal dit dus 12 onderwerpe wees.

Hier is twee belangrike beginsels wat ons die hele tyd in gedagte gaan hou:

- 1) Hoe het die eerste lesers die boek verstaan?
- 2) Wat sê hy vir ons eie lewe voor die aangesig van die Here in die hede?

1.2. DIE WOORD "APOKALIPS"

'n Belangrike deel van die agtergrond handel oor die woord "apokalips" self. Vandag roep die woord beelde van rampe en vernietiging op, maar die outeur van Openbaring het dit gebruik om "openbaring" te beteken; dit wil sê, 'n apokalips is 'n daad van openbaring, of dan onthulling. Die oorspronklike Griekse woord *Ἀποκάλυψις* (apokálypsis), die eerste woord in die boek, word in ons Bybel vertaal as "openbaring" om die gevoel **van insig in 'n misterie** oor te dra. Hierdie boek onthul, openbaar, neem die kleed weg sodat ons die lam wat vir ons geslag is, kan sien.

1.3. DIE TWEE RAAISELS AGTER APOKALIPTIESE GESKRIFTE

Voor Openbaring geskryf is, was daar reeds verskeie ander Joodse Apokaliptiese geskrifte. Die soort boek wil meesal lig bring oor twee groot wêreldwye, algemeen menslike vrae:

➤ 1) Die aard van kwaad

Johannes hou hom in sy Apokalips intens besig met die aard van die boosheid in ons wêreld. Hy sluit hiervoor voortdurend aan by die tradisie van die Hebreeuse profete. Hier dink ons aan figure soos Jesaja, Jeremia en

Esegiël. Hierdie profete was nie soseer besig om die toekoms te voorspel nie, maar eerder om die lewe in die hede te vorm. Volgens hulle was korrupsie, wreedheid en onreg oral teenwoordig. Hulle open 'n ontstellende visie van die wêreld en sy mense in die teenwoordigheid van God.

➤ 2) Die aard van hoop

Ook hiervoor put Johannes uit die bron van die profete. Die profete was onwillig om die wêreld tevrede te laat wees met die skamele hoop van gewone dagdrome. Hulle deel met ons visies van vrede en verwondering wat alle nasies omvou en die Skepping self transformeer.

1.4. DIE APOKALIPTIESE TRADISIE

Die profetiese tradisie het uiteindelik geboorte gegee aan die **apokaliptiese tradisie**, 'n belangrike ontwikkeling wat ook agter die boek Openbaring lê. Hierdie tradisie skets die wêreld as 'n plek waarin die magte van goed en kwaad met mekaar in konflik is, en fokus daarop om die aard van hierdie konflik te onthul. Die doel hiervan is om lesers die vertrouwe te gee dat die regverdige en heilige oogmerke van God uiteindelik sal seëvier.

Die apokaliptiese tradisie het sommige van die skrywers van die **Dooie See-rolle** en ander antieke Joodse bronne beïnvloed. Dit het ook 'n belangrike plek in die vroeë Christendom ingeneem. Die Nuwe Testamentiese Evangelies vertel van Jesus wat die komende heerskappy van God (die koninkryk van God), en die vervulling van God se planne vir die wêreld aankondig.

Die apostel Paulus getuig van die krag van die apokaliptiese tradisie in die manier waarop hy die **stryd tussen die mag van sonde en die mag van genade**, en **die mag van die dood teen die mag van die lewe**, beskryf.

1.5. DIE BOEK OPENBARING

Die boek Openbaring is byna 2 000 jaar gelede in Grieks geskryf. Alhoewel stukkies en deeltjies van Openbaring dikwels uit konteks geneem word, sal ons dit lees as 'n literêre stuk met sy eie integriteit.

Die begin van die boek bevat boodskappe aan sewe kerke wat in die Romeinse provinsie Klein-Asië, geleë was, in wat vandag die land Turkye is. Hierdie boodskappe vertel ons van die boek se vroegste lesers en die uitdagings wat hulle in die stede waar hulle gewoon het, in die gesig gestaar het.

In die middel van die boek vind ons tonele van stryd, waarin die uitdagings van die lesers as deel van 'n konflik op 'n kosmiese skaal getoon word.

1.6. SELFOPOFFERING TEENOOR ONDERDRUKKING

Aan een kant van hierdie konflik is die Skepper van die wêreld en die bron van alle lewe. Saam met hom is die Lam, wat verlossing bring deur die krag van selfopoffering. Hul werk lei tot die Nuwe Jerusalem, wat die belofte van lewe vir alle nasies inhou.

Aan die ander kant is daar die kragte van vernietiging – uitgebeeld as 'n draak en 'n dier. Hulle basis is 'n stad bekend as **Babilon**, wat lewe minag en die nasies van die wêreld onderdruk. In die apokaliptiese simboliek van Openbaring verteenwoordig hierdie stad nie net 'n historiese plek nie, maar 'n **hele sisteem van korrupsie en hoogmoed** wat homself teen God stel. Die skrywer gebruik hierdie ryk beelde om te wys dat die stryd nie net teen vlees en bloed is nie, maar teen diepgewortelde strukture van onreg.

1.7. HOOGTEPUNT VAN DIE STRYD

Die stryd bereik sy hoogtepunt aan die einde van die boek, wanneer die kwaad uiteindelik oorwin word, geregtigheid seëvier, en die wêreld self nuut gemaak word.

1.8. WOORDBEELDE IN OPENBARING

Die skrywer van Openbaring het beelde gebruik, soos die draak, die dier en die Lam. Daar is mense wat dink dat hierdie woord-prente 'n vorm van **geheime kode** is wat vir party gelowiges voorspellings openbaar, maar dit vir ander on/minder -gelowiges) wegsteek. Soos genoem, is die apokalips **egter bedoel as 'n openbaring**, 'n boek wat mense 'n nuwe manier van sien bied.

Die Apokalips is soos ander vorme van kuns omdat dit vir ons 'n ander perspektief op die wêreld gee, een wat skokkend en uitdagend is. Die skrywer gebruik wilde kleure en fantastiese beelde wat die manier vorm waarop mense die krag van kwaad, die aard van hoop, die karakter van God, en die karakter van die wêreld sien.

Om Openbaring reg te verstaan, is dit noodsaaklik om eers te weet wat sy boodskap vir sy eerste lesers was. So leer ons God se hart ken, en dan kan ons verstaan wat daardie Hart vir ons tyd beteken.

1.9. DIE WÊRELD VAN DIE ANTIEKE PROFETE

Die Joodse geleerde Abraham Heschel het die antieke profete "sommige van die mees ontstellende mense wat nog ooit geleef het" genoem. Hulle woorde is dringend en ontstellend, omdat dit direk uit die hart van God aan mense oorgedra word.


Die Bybelse profete was nie (soos Siener van Rensburg !) voorspellers van die toekoms nie, **maar hulle praat oor die toekoms om te openbaar wat op die spel is in die hede**. Hulle gee waarskuwings en aansporings wat ontwerp is om mense te laat skrik sodat hulle dan hul lewens anders kan leef.

Hierdie profete was oorweldigend **bewus** van God se teenwoordigheid en dat ons aan God verantwoording verskuldig is. Met Johannes was dit ook so!

Die outeur van Openbaring was onwillig om mense net met 'n beter verstaan van boosheid te laat. Hy was gedryf om mense dieper by die misterie van God te betrek.

1.10. DIE PROBLEEM VAN BOSE

Dit is nuttig om oor die probleem van "Die Kwaad/Bose" in profetiese geskrifte met behulp van drie konsentriese sirkels te dink.



In die middel praat die profete oor die boosheid onder die volk van **Israel**.

Dan is daar ook 'n wyer kring van uitsprake oor ander **nasies** se boosheid.

Ten slotte is daar in die **hele wêreld** lyding as gevolg van boosheid.

1.11. DIE PROFETE SE BOODSKAPPE VAN HOOP

Die profete bied ook boodskappe van hoop wat ons weereens met konsentriese sirkels kan verbeeld.

➤ **In die Sentrum: Israel**

Esegiël, byvoorbeeld, beeld die volk van Israel uit as 'n versameling droë bene, maar die asem van God blaas daarop en vul die bene met lewe. Esegiël gee ons ook 'n visioen van die vernuwing van die stad Jerusalem, gevul deur die Here met 'n verblindende glans. Net so kondig Jesaja ook wonderlike beloftes uit die hart van God vir Israel aan.



➤ **Die kring van die nasies om Israel: Geen oorlog meer nie**

Die tweede hoofstuk van Jesaja bied 'n visioen van hoop wat dalk bekend is aan enigiemand wat die monument by die VN-hoofkwartier in New York Stad gesien het. Jesaja sê:

“Hy sal regsprek tussen die nasies, die reg handhaaf vir talryke volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee, en van hulle spiese snoeimesse. Nasies sal nie meer die swaard teen mekaar opneem nie; hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.” (Jesaja 2:4)

➤ **Die transformasie van die aarde**

Laastens hoop die profete op die transformasie van die aarde as geheel en die dood van die dood. 'n Gedeelte in Esegiël se visioen van God se hemelse troon in 'n kristalkoepel is soortgelyk aan dié wat later deur die outeur van die boek Openbaring beskryf is. Jesaja sê dat die Here God "die dood vir ewig sal verslind," wat die uitwissing van hartseer sal beteken. Aan die einde van Jesaja word ons getrakteer op 'n visioen van 'n hernude aarde, deurdrenk met lewe en vrede.

1.12. DIE ONTSTAAN VAN DIE APOKALIPTIESE TRADISIE

Die apokaliptiese tradisie het ná die 5de eeu v.C. in Joodse kringe ontstaan. 'n Apokaliptiese teks is een wat insig bied in die misteries van God, die wêreld en die menslike situasie.

Die apokaliptiese tradisie verskil van die ouer profetiese tradisie in sy tema van dualisme.

➤ Tema van dualisme

Ons sien dikwels in apokaliptiese geskrifte 'n **skerp kontras tussen die magte van goed en kwaad**. Daar is ook 'n kontras tussen die **huidige era**, waarin kwaad werksaam is, en die **komende era**, wanneer slegs goedheid sal seëvier.

1.13. DIE SKRYWER SE “VANDAG”

'n Ander kenmerk van die apokaliptiese tradisie is die gevoel dat **die stryd** tussen goed en kwaad **deur die huidige era sal voortduur**. Van die menslike natuur is nie verwag om te verbeter nie, **maar God** sou uiteindelik 'n beslissende verandering in die huidige toestande bring en 'n nuwe era inlei.

Die skerp tydelike onderskeid tussen die hede en die toekoms in die Joodse apokaliptiese tradisie word gesien in die Dooie See-rol, bekend as *Die Oorlog van die Seuns van die Lig en die Seuns van Duisternis*. In hierdie rol word die ouer profetiese tema van God se finale stryd teen vyandige nasies tot 'n kosmiese skaal verhef.

1.14. DIE APOKALIPTIESE TEKS VAN DANIËL

Daniël is die een Joodse apokaliptiese teks wat sy weg gevind het na die Hebreeuse Bybel (ons Ou Testament). Die teks is 'n apokalips in die tegniese sin van 'n narratief wat geheime onthul oor die hemelse ryk van God en die verloop van die lewe op aarde.

Die apokaliptiese visioene in die laaste helfte van Daniël volg die verloop van die geskiedenis, en wys vir ons die opkoms en val van ryke met behulp van fantastiese en bisarre woordprente.

Vir Daniël het dit geen sin gemaak dat diegene wat die tradisionele Joodse weë getrou probeer volg het, onder hierdie “verwoestende gruwel” moes ly nie. 'n Regverdige God behoort die regverdiges te beloon en die goddeloses te straf, maar dit het op daardie stadium nie gebeur nie.

- Volgens Daniël sou dit egter wel gebeur. Daniël wys dat alle vorme van tirannie, die een na die ander, uiteindelik sal val.

- Konflik mag dalk aan die einde van die bedeling verskerp, maar uiteindelik sal hierdie patroon tot 'n einde gebring word sodat God se geregtigheid voltrek kan word.
- Die fokus van hoop is op die komende koninkryk van God.

Hierdie perspektief was revolusionêr omdat dit die lyding van die hede nie as 'n teken van God se swakheid gesien het nie, maar as die finale stuiptrekkings van 'n verbygaande bose stelsel. Dit het aan die gelowiges die nodige moed tot volharding gegee om getrou te bly, selfs wanneer die wêreld rondom hulle onregverdig gelyk het.

1.15. DIE SEUN VAN DIE MENS, OPSTANDING EN OORDEEL

'n Sentrale speler in hierdie drama is 'n figuur bekend as die **Seun van die Mens**, aan wie ewige heerskappy oor alle volke, nasies en tale gegee sal word. Later is hierdie Messiaanse figuur natuurlik as die opgestane Jesus geïdentifiseer.

Volgens Daniël sou die huidige bedeling eindig met 'n **opstanding van die dooies** en 'n tyd van oordeel. Die belofte van opstanding ontwikkel die profetiese hoop op God se komende oorwinning oor die dood. Die opstanding is ook verbind met God se geregtigheid; Daniël sien dit as die tyd wanneer mense voor God verantwoording sal doen.

Die lewe was dikwels onregverdig vir die oorspronklike lesers van Daniël. In hul ervaring het diegene wat die weë van God gevolg het, gely vir hul oortuigings. Vir hierdie lesers om getrou te bly aan hul oortuigings, het hulle 'n besef nodig gehad dat geregtigheid uiteindelik sou seëvier.

Hoewel moderne lesers van Daniël oor die algemeen in minder bedreigende omstandighede leef, bly 'n soortgelyke vraag geldig: **As die wêreld onregverdig is, wat gee mense die moed om lewens van integriteit te lei?** Daniël het volgehou dat mense toegewyd kon bly aan dit wat regverdig is, omdat God se doeleindes uiteindelik vervul sou word.

SESSIE 2

DIE APOKALIPTIESE DIMENSIE VAN DIE VROEË CHRISTENDOM

In hierdie gedeelte van ons kursus verken ons hoe die vroeë Christendom die ryk Joodse tradisies waarin dit gewortel was, getransformeer het. Die manier waarop vroeë Christelike skrywers die apokaliptiese wêreldbeskouing herdefinieer het, is een van die mees deurslaggewende verskuiwings in die geskiedenis van godsdienste.


2.1. APOKALIPTIEK IN DIE VROEË CHRISTENDOM

Die klassieke Joodse apokaliptiese denke het die geskiedenis as twee afsonderlike tydperke gesien: die **Huidige Bedeling** (vol sonde en dood) en die **Toekomstige Bedeling** (die ryk van God). Die koms van Jesus het egter hierdie skerp breuklyn vervaag.

Die klassieke scenario verwag dat God op 'n definitiewe wyse sal optree om die huidige bedeling te beëindig deur die magte van die bose te verslaan. Die nuwe bedeling sal begin met die opstanding van die dooies. In hierdie scenario is daar 'n direkte beweging van die een bedeling na die volgende.

Vir vroeë Christene het die nalatenskap van Jesus hierdie paradigma herdefinieer. Dit was nie meer 'n eenvoudige beweging van die huidige bedeling na die nuwe bedeling nie. **In plaas daarvan het die nuwe bedeling begin voordat die ou bedeling ten volle verby was**, en Christene het hulself op die **naat** tussen die twee bevind.

Die manier waarop hulle **na die verlede gekyk** het, het vroeë Christene laat glo dat die wêreld reeds verander is deur die koms van Jesus. In hulle oë was sy lewe, dood en opstanding God se manier om in die wêreld in te gryp. Die resultaat was dat dinge nie meer dieselfde was nie.



Tog, wanneer hulle **na die hede gekyk** het, het hierdie Christene besef dat die magte van sonde en die dood steeds werkzaam was. Jesus het uit die

dood opgestaan, maar ander nie. Vir hierdie Christene het die opstanding 'n toekomstige hoop gebly.

Vroeë Christene het tussen hierdie twee werklikhede geleef: die opstanding van Jesus, wat **reeds gebeur het**, en die opstanding van ander, wat **nog moes plaasvind**.

2.2. DIE EVANGELIE VAN MARKUS 1:14-15

Hierdie eenaardige apokaliptiese dinamika het gehelp om die Evangelie van Markus te vorm. In die openingshoofstuk verklaar Jesus: “Die koninkryk van God het naby gekom.” Markus maak dit duidelik dat die koms van die koninkryk beteken dat God sal afreken met die magte van die bose wat Hom teëstaan en Sy volk onderdruk. Jesus se oproep tot bekering in Markus is 'n oproep tot die heroorweging van loyaliteite — weg van sonde en na die weë van God.

Op baie punte in Markus se evangelie **blyk die koninkryk van God reeds teenwoordig te wees**; 'n krag wat reeds in die wêreld aan die werk is deur Jesus. Tog is daar dwarsdeur die evangelie **'n meedoënlose beweging na die toekoms**. Die slot van Markus se verhaal, wat Jesus se leringe oor die einde van die bedeling en die verhaal van sy kruisiging bymekaar bring, bewaar én verander die tradisionele apokaliptiese paradigma op 'n deurslaggewende wyse. Die oorgang van die eeue word verbind met die kruisiging en opstanding van Jesus.

2.3. MARKUS 13

Jesus se leringe oor die einde van die bedeling word op die mees dramatiese wyse in Markus 13 gevind. Hier lê Jesus aanvanklik 'n tradisionele apokaliptiese scenario uit wat swaar leun op Daniël en die Hebreeuse profete. Soos ons egter verder lees, vind ons dat die apokaliptiese stryd reeds in die verhaal van Jesus self begin het. Die apokaliptiese hoop op opstanding begin reeds om gerealiseer te word met die nuus dat Jesus uit die dood opgestaan het. **In Markus se evangelie het die nuwe bedeling in Jesus gekom voordat die ou bedeling ten volle geëindig het.**

2.4. JESUS SE IMPAK OP DIE APOKALIPTIESE PARADIGMA

Jesus se impak op die apokaliptiese paradigma het groot ramifikasies gehad vir die manier waarop sy volgelinge God, hulleself en hul toekoms verstaan het.

2.5. HERDEFINISIE VAN GOD SE KONINKRYK

Eerstens: Met Jesus word **die aard van God se koninkryk herdefinieer**. Tydens sy bediening het Jesus die koninkryk verbind aan liefde vir God en vir ander; daarom openbaar die proklamering van Jesus as koning ten tye van sy kruisiging die uiterste waartoe liefde sal gaan. As die kruis 'n apokaliptiese handeling is waardeur God die magte van die bose konfronteer, dan is dit 'n handeling wat die vorm van algehele selfopoffering aanneem.

Tweedens: Jesus definieer die rigting van die handeling as een wat **deur die dood na die lewe** gaan. Lyding is nie 'n doel op sigself nie; dit is die pad waarop liefde en diens in die koninkryk van God reis na sy bestemming.

Laastens: Die geloof dat Jesus uit die dood opgestaan het, het beteken dat hy in die rol van die **Seun van die mens** gepas het soos uitgebeeld in Daniël. Vir baie Christelike skrywers, sowel as die skrywer van Openbaring, was die kruisiging en opstanding noodsaaklike dele van die Christelike verhaal. Hy was die een wie se koms in heerlijkheid die oorgang van die eeue sou voltooi deur mense in sy koninkryk te versamel en deur die opstanding van die dooies.

2.6. DIE EVANGELIE VAN MATTEUS

Hierdie gewysigde apokaliptiese paradigma het mense se perspektiewe op verskillende maniere beïnvloed. Ons kan hierdie veranderinge sien in die Evangelie van Matteus, wat 'n paar jaar later as Markus geskryf is.

In sommige plekke verhoog Matteus die gevoel van die apokaliptiese verandering wat reeds plaasgevind het deur te praat van die aarde self wat geskud het ten tye van Jesus se kruisiging en sy opstanding.

Matteus gee ook 'n meer omvattende prentjie van die einde van die bedeling wat nog moet kom, deur 'n beskrywing te bied van die finale oordeel deur die Seun van die mens.

Matteus skets die hede — wat tussen die Eerste en Tweede Koms van Christus val — as 'n tyd waarin dinge "gemeng" is. Die goeie nuus van die koninkryk is reeds geplant, maar die bose gaan voort om die oes met onkruid te besoedel.

2.7. DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS

Handelinge, geskryf deur Lukas, vertel die storie van die vroeë kerk, vanaf die tyd van Jesus se opstanding deur die werk van sy volgelinge oor die volgende paar dekades. As die hoop was dat die Seun van die mens die getroues aan die einde van die bedeling sou versamel, dan wys die boek Handelinge hoe Jesus die Gees stuur om die dissipels te bemagtig om hier en nou 'n geloofsgemeenskap te skep.

2.8. DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

Die Evangelie van Johannes beweeg nog verder deur die belofte van die toekoms as 'n werklikheid in die hede te sien. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die verandering in die apokaliptiese tema van die opstanding.

2.9. EWIGE LEWE = VERHOUDINGS

Johannes erken dat lewe en dood **fisiese dimensies** het, maar hy aanvaar ook dat lewe 'n **relasionele dimensie** het. Mense is geskep vir verhoudings met God en ander, en wanneer daardie verhoudings beskadig is, is mense nie ten volle lewend nie.

Volgens Johannes is die koms van Jesus die apokaliptiese gebeurtenis wat die belofte van opstanding transformeer in 'n teenwoordige werklikheid. Hy identifiseer liefde as die kern van Jesus se nalatenskap.

Wanneer die werklikheid van goddelike liefde 'n reaksie van geloof in mense ontlok, word hul verhouding met God herstel. **Vanuit Johannes se perspektief is daardie herstel van verhouding waar die ewige lewe begin.**

2.10. DIE APOSTEL PAULUS

Die apokaliptiese spanning tussen die hede en die toekoms het die werk van Paulus diep gevorm.

In sy **Brief aan die Galasiërs** beklemtoon hy die verandering wat reeds plaasgevind het: In die ou bedeling het die Joodse wet gehelp om sonde in toom te hou; nou het God egter die probleem van sonde direk aangepak deur die dood van Jesus.

In **Eerste Korintiërs** lê hy meer klem op die toekoms. Hy herinner die Korintiërs dat hul ervaring van die Gees nie die finale punt is nie. In die toekoms sal profesieë en tale ophou, maar geloof, hoop en liefde sal bly.

Vir Paulus is die **dood** die groot teenstander. Dit is nie net die laaste asemteug nie, maar die hele proses van lyding wat uitloop op die staking van lewe. Die apokaliptiese stryd wat God nou in Christus voer, **moet voortduur totdat die dood self vernietig is**. Die opwekking van Jesus was die begin van 'n nuwe bedeling wat sal kulmineer in die finale opstanding van die dooies, waar die dood verslind sal word deur die oorwinning van die lewe.

OORSPRONG VAN DIE BOEK VAN OPENBARING

Ons het nou na die agtergrond van die boek Openbaring gekyk. Ons het begin met die Hebreeuse profete en die temas van kwaad en hoop deur hul geskrifte in die Joodse apokaliptiese tradisie nagespoor. Ons het toe gesien hoe die apokaliptiese wêreldbeskouing, met sy sterk gevoel van botsende magte, opgeneem en getransformeer is in vroeë Christelike denke. Nou moet ons besig raak met die boek Openbaring self.

2.11. HOE HET OPENBARING ONTSTAAN?

Die boek Openbaring bied slegs 'n paar prikkelende besonderhede oor die omstandighede waarin dit geskryf is. Volgens die eerste hoofstuk is dit saamgestel deur iemand met die naam Johannes, wat visioene op die eiland Patmos in die Egeïese See ontvang het.

Daar het legendes ontstaan dat die outeur van die boek eintlik die apostel Johannes was. Tot vandag toe kan besoekers op die eiland Patmos die Grot van die Apokalips sien, waar Johannes glo sy openbaring van God ontvang het.

Ten spyte van die legendes glo die meeste moderne historici nie dat die outeur van Openbaring die apostel Johannes was nie, ten minste deels

omdat hy nooit beweer hy is 'n apostel nie en die enigste ontmoeting wat hy met Christus beskryf, in sy visioene is.

Johannes noem homself bloot 'n "dienaar" van Christus en 'n "broer" van die Christene aan wie hy skryf. **Hy was waarskynlik 'n Joodse Christen wat in die Romeinse provinsie Asië gewoon en gewerk het** gedurende die laaste dekades van die 1ste eeu.

Johannes se gebrek aan konformiteit en sy subversiewe boodskap was blykbaar gevaarlik genoeg vir owerhede dat hy na die eiland Patmos verban is. Uit Johannes se perspektief is hy na Patmos gestuur weens sy godsdienstige oortuigings, maar die Romeine, wat oor die algemeen verdraagsaam was teenoor verskeie godsdienstige tradisies, moes iets meer ontstellends in Johannes se boodskap raakgesien het.

As 'n mens verder in die boek lees, is daar genoeg rede om te vermoed dat wat Johannes gesê het die Romeine vies sou laat word. Hy was baie krities oor die status quo en skerp in sy kritiek op Romeinse sosiale en ekonomiese praktyke – hy was 'n sterk voorstander van verandering.

Volgens Romeinse reg was die toepaslike straf vir "bygelowigheid" (enige godsdienstige geloof wat die Romeine as verdag beskou het) verbanning na een van verskeie eilande in die Egeïese See.

2.12. JOHANNES SE ROL AS 'N PROFEET

Profete het 'n belangrike rol gespeel in sommige Christelike gemeenskappe van die laat 1ste eeu. Hierdie profete het hulself verstaan as deel van die wyer **tradisie van Hebreeuse profesie**, wat aan hulle deur die Skrif bekend was.

Ons het reeds gesien dat profete soos Jesaja en Ezechiël **'n intense ervaring van God se teenwoordigheid gehad** het. Hulle het die ervaring met hulle hoorders gedeel. Dit het dikwels oordeel oor die sonde en hoop op verlossing ingesluit.

Johannes plaas homself in hierdie tradisie van vroeëre profete wanneer hy van sy eie geestelike ervaring (Openbaring 1) vertel. Hy beskryf hoe hy die majestueuse figuur van Jesus gesien het, wie se gesig so stralend soos die son was. Om Jesus was daar sewe goue lampstaanders, wat die sewe kerke simboliseer waartoe die lesers behoort het. Toe Johannes hierdie visioen ervaar het, was hy oorweldig en het op die grond geval.

Dit is belangrik om daarop te let dat mense in die oudheid oor die algemeen **saamgestem** het dat **geestelike ervarings wel plaasgevind** het, maar hulle het ook verstaan dat sulke ervarings nie die legitimiteit van die profeet gewaarborg het nie. In Eerste Korintiërs verwag Paulus dat die lede van die gemeente die boodskappe wat deur diegene wat deur die Gees geroep word, moet **beoordeel** (1Kor 14:29). **Nie alles wat 'n profeet gesê het, moes as 'n direkte boodskap uit die hemel geneem word nie.**

In Openbaring noem Johannes self 'n groep profete wie se werk hy waardeer het, maar hy verwys ook na '**n vrou by Tiatira** wie se profesie hy betwis het. Vir vroeë Christene was dit die belangrikste of 'n profeet se boodskap ooreengestem met wat hulle van God geweet het.

2.13. 'N APOKALIPS VAN JESUS CHRISTUS

Die eerste reël in Johannes se skryfwerk vertel sy lesers wat om te verwag: 'n apokalips, dit wil sê, 'n onthulling, 'n manier van sien. Vir Johannes sal hierdie openbaring hulle help om **God** en die **wêreld** en **hulleself** beter te sien en te verstaan. Hierdie Persoon, persone en dinge is onderling met mekaar verweef. In 'n apokaliptiese wêreldbeskouing kan geen een van hulle apart van die ander beskou word nie.

2.14. WAT BINNEKORT MOET GEBEUR

Johannes sê ook vir sy lesers dat sy onthulling hulle sal wys "wat binnekort moet gebeur." Daardie sinnetjie het baie mense aan die spekuleer gesit. Maar Johannes se fokus is nie op die hoe en die wanneer van die einde nie. Hy het iets heel anders in gedagte. Sy fokus is nie op die einde nie, maar op die lewe in hierdie wêreld. Dit sien ons duidelik in sy briewe aan die sewe gemeentes.

In die komende hoofstukke sal Johannes sy lesers vertel wat in die konteks van hul lewens moet gebeur: Die worstelende moet volhard; die selfvoldanes moet herverbind raak; en diegene in die middel word geroep tot 'n hernude gevoel van integriteit in 'n ingewikkelde wêreld.

SESSIE 3

KWESSIES WAT OPENBARING SE EERSTE LESERS IN DIE GESIG STAAR

In die laaste sessie het ons kennis gemaak met die geheimsinnige figuur genaamd Johannes, die skrywer van die boek Openbaring. In hierdie een draai ons na 'n verwante vraag, naamlik die identiteit en situasie van sy beoogde lesers. Hierdie vraag is 'n boeiende en belangrike een in die lig van die vele gewilde interpretasies van Openbaring, veral dié wat daarin planne vind om wêreldbeheer in die 21ste eeu te bereik. Soos ons sal leer, het Johannes eintlik spesifieke gemeenskappe van Christene aangespreek wat sekere uitdagings in die gesig staar. Sy doel was nie om hulle te verwar nie, maar om hulle uit te daag en aan te moedig. Om iets van hierdie antieke konteks te weet, kan Openbaring meer relevant maak vir moderne lesers omdat dit ons toelaat om te sien hoe dit van meet af aan met mense oor werklike situasies in hulle tyd, gepraat het.

Die ontvangers van die brief

Die openingshoofstuk van Openbaring vertel ons dat die boek aanvanklik aan die Christelike gemeenskappe in sewe stede van die Romeinse provinsie Asië of Klein-Asië gerig is. Vandag is hierdie streek die westelike deel van Turkye, langs die Egeïese See.

Onder die genoemde stede is Efese, 'n lewendige kommersiële sentrum en die grootste stad in Klein-Asië; Smyrna, die geboorteplek van Homeros; en Pergamum, bekend vir sy tempel aan die godin Athena. Die ander stede is Tiatira, Sardis, Philadelphia en Laodisea, elk met hul eie plaaslike nywerhede, tempels en vorme van burgerlike lewe.

In al hierdie stede was Grieks die dominante taal en kultuur. Almal het aan die Romeinse Ryk behoort, en almal het gemeenskappe van Christene gehad. Hoekom moes hierdie Christene Johannes se visioenêre boodskap hoor? Omdat al hierdie gemeentes gesukkel het met kwessies van vervolging, assimilasië en selfvoldaanheid.

3.1. VERVOLGING

Openbaring maak spesifiek melding van vervolging in verband met die Christene in Smirna, wat in die openbaar belaster of aangekla is deur 'n groep teenstanders. Johannes waarsku dat hierdie Christene moontlik in die tronk gegooi of selfs ter dood veroordeel kan word weens hul geloof, maar hy roep hulle op om getrou te bly te midde van hierdie vyandigheid.

Dit is maklik om te sien waarom die visioene van die kosmiese stryd later in die boek soveel betekenis vir hierdie vervolgte Christene sou hê. Wanneer Johannes vertel van 'n sewe-koppige dier wat uit die see opstaan om die gelowiges te vervolg, sou die Christene in Smirna saamgestem het dat dit presies ooreenstem met hul eie ervaring.

Baie mense aanvaar dat die Romeinse vervolging van Christene begin het toe die keiser bevel gegee het dat alle burgers hom moet aanbid of die gevolge moet dra. Trouens, daar word gesê dat keiser Domitianus, wat waarskynlik aan bewind was toe Openbaring geskryf is, 'n dekreet uitgevaardig het waarin hy daarop aangedring het dat almal hom as dominus et deus ("here en god") moet aanspreek. Dit was skokkend, selfs vanuit 'n Romeinse oogpunt.

Sommige antieke historici het gesuggereer dat namate Domitianus se grootheidswaansin toegeneem het, sy paranoia en vervolging van diegene wat hy van ontrouheid verdink het, ook vererger het. As hierdie beeld van die toenemende dreigement akkuraat is, kan ons aanvaar dat Johannes sy lesers gewaarsku het oor iets wat vir almal duidelik was — 'n dreigende skrikbewind teen die kerk, ondersteun deur die Romeinse staat.

Onlangse historiese navorsing toon egter dat die dreigement van terreur nie so ooglopend was as wat aanvanklik gedink is nie. Die Romeinse lewe in die tyd van Domitianus het blykbaar voortgegaan soos dit vir jare lank gedoen het, veral in plekke wat ver van die hoofstad in Rome geleë was. Trouens, akademici kon geen bewyse vind dat Domitianus daarop aangedring het om as "here en god" aangespreek te word nie.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die kultus van die Romeinse keisers nie soseer van bo af afgedwing is nie, maar eerder van onder af ontwikkel het. Dit het waarskynlik sowat 100 jaar voor die skryf van Openbaring ontstaan toe die mense van Klein-Asië toestemming gevra en ontvang het om 'n tempel ter ere van Augustus te bou. Later is tempels ook ter ere van Tiberius (in Smirna) en Domitianus (in Efese) opgerig.

Die vroeë hoofstukke van Openbaring dui daarop dat vervolging plaaslik en sporadies was, en voortgespruit het uit 'n ongemak oor die teenwoordigheid van Christene in die gemeenskap. Hierdie Christene het, anders as die Grieke en Romeine, slegs een God aanbid, en anders as die Jode, het hulle hul geloof geplaas in 'n gekruisigde en opgestane Messias genaamd Jesus. Hulle het die keiser dalk gerespekteer, maar na Jesus verwys as hul koning.

Wanneer hul medeburgers ongemaklik geraak het oor die Christene, het hulle hul soms by die Romeinse owerhede aangekla, wat dan die situasie sou ondersoek. As die Christene geblyk het onversetlik te wees, kon hulle ter dood veroordeel word. Hierdie tipe optrede was egter geneig om plaaslik te bly; daar was geen ryks-wye veldtog om die kerk uit te roei nie.

3.2. ASSIMILASIE

Sommige Christene moes dalk openlike vyandigheid verduur, maar ander moes meer subtiele druk om aan te pas die hoof bied. Hoe kon hulle getrou bly aan hul oortuigings terwyl hulle sosiaal verkeer het met diegene wat nie hul geloof gedeel het nie?

Die spesifieke vraag wat die kwessie van assimilasie (aanpassing) na vore gebring het, was of dit vir Christene aanvaarbaar was om kos te eet wat aan een van die Griekse of Romeinse gode geoffer is. Die stede van Klein-Asië het dikwels plaaslike godsdienstige feeste gehou wat as belangrike sosiale geleenthede gedien het. Kon Christene deelneem aan die bankette wat met hierdie feeste gepaard gegaan het sonder om hul oortuigings prys te gee?

Die kwessie van assimilasie het ook na vore gekom in verband met die gebruik om by die tempels van Griekse en Romeinse gode te eet. Sosiale byeenkomste is dikwels by hierdie tempels gehou, en bywoning het eer gebring aan die god of godin wat met die tempel geassosieer is. Christene wat na sulke geleenthede genooi is, het voor 'n dilemma te staan gekom: hulle moes óf hul oortuigings prysgee as hulle die uitnodiging aanvaar, óf hul vriende en sakevennote vervreem as hulle dit van die hand wys.

In sulke situasies het Christene nie gewelddadige vervolging in die gesig gestaar nie, maar eerder die uitdaging om die integriteit van hul geloof te behou terwyl hulle in 'n inter-godsdienstige wêreld leef.

3.3. SELFVOLDAANHEID

Die kwessie van selfvoldaanheid kom die duidelikste na vore in die brief aan Laodisea. Johannes verklaar dat die Christene daar "lou" in hul geloof is as gevolg van hul rykdom. Die materiële gemak van hierdie Christene het die lewenskragtigheid van hul geloof laat wegkwyn.

Die Christene in Laodisea en sommige ander plekke het blykbaar gefloreer in die ekonomie van die Romeinse era. Die Romeine het paaie gebou en die moontlikhede vir handel op 'n steeds toenemende skaal bevorder. Plaaslike markte het uitgebrei na streeks- en internasionale markte, en binnelandse handel het gebloei. Die Christene in Laodisea het ongetwyfeld aan hierdie voorspoedige ekonomie deelgeneem.

Hierdie mense was nie besorg oor die skadu van Romeinse vervolging nie, maar behep met die glans van hul eie ekonomiese toekoms. Volgens Openbaring was hulle heeltemal gelukkig om die Christelike geloof te beoefen, solank dit niks van hulle vra nie.

GOD, DIE LAM, EN DIE SEWE SEËLS

Tot dusver het ons oorweeg wat die eerste paar hoofstukke van Openbaring ons oor die outeur en sy vroeë lesers vertel. Hiervandaan beweeg ons dieper in die Apokalips in en pak sy mees uitdagende gedeelte aan: sy woordbeelde. Ons gaan veral kyk na die vier ruiters, wat dreigemente van oorlog, swaarkry en dood na die mense van die wêreld bring. Maar eers moet ons by die troonkamer van God 'n draai maak.

3.4. DIE TROONKAMER VAN GOD

Aan die begin van hoofstuk 4 onderneem Johannes 'n visionêre reis deur die oop deur van die hemel. Daar aanskou hy 'n majestueuse troonkamer wat in konsentriese sirkels gerangskik is. Reg in die middel van die visioen is die troon van God.

Die volgende sirkel bestaan uit vier geheimsinnige wesens wat die troon omring. Hul gesigte lyk onderskeidelik soos dié van 'n leeu, 'n bees, 'n mens en 'n arend. Almal het ses vlerke en is oortrek met oë.

Hier gee Johannes vir ons 'n visie van 'n heelal wat reg georden is: die Skepper is in die middel, omring deur hemelse verteenwoordigers van die skepping. Hul gesigte sluit wilde en mak diere in, tesame met mense en voëls.

Hierdie beeldspraak herinner aan die uitbeeldings van God se majesteit deur die Hebreeuse profete, maar Johannes voeg nuwe besonderhede by wat hierdie toneel vir ten minste sommige van sy lesers ongemaklik relevant sou maak. Die volgende sirkel bestaan uit 24 ouderlinge, met hul eie trone wat dié van God omsluit. "Ouderling" was 'n titel vir diegene wat die Joodse en vroeë Christelike gemeenskappe gelei het deur hul wyse raad en die voorbeeld wat hulle gestel het.

Die ouderlinge in Openbaring werp hul krone voor God neer en stel sodoende 'n voorbeeld van ware aanbidding. Die gebaar om 'n goue kroon aan 'n figuur op 'n troon te gee, het nie van die Hebreeuse profete gekom nie, maar uit die politieke wêreld van die Grieke en Romeine.

3.5. DIE KONSENTRIESE SIRKELS VAN ROME SE “TROONKAMER”

Die Romeinse wêreld het sy eie konsentriese sirkels van mag gehad. In die middel was die keiser, omring deur 'n binnekring van bewonderaars en vriende. Hierdie binnekring het die res van die samelewing gelei om die waarde van sowel die keiser as die tradisionele gode te besing. Dit lyk asof sommige van Johannes se vroeë lesers gemaklik was met hierdie reëling en maniere gevind het om dit sosiaal en ekonomies tot hul voordeel te laat werk.

